

15 Januarie

Daniël 2:12-23

God maak homself bekend

Besef jy oor watter krag en mag God beskik? Nebukadnesar II was koning van die Babiloniese Koninkryk, die sterkste staat in die Midde Ooste. Hy was 'n invloedryke koning, maar deur sommige as 'n groot skobbejak beskrywe. Vir sy vrou Amytis lê hy die hangende tuine van Babilon aan, een van die sewe wonders van die wêreld. Maar God laat hierdie belangrike man droom - en die droom ontstel hom baie, want daar is iemand groter en belangriker as hy. In die Bybelse tyd het God deur middel van verskynings, profesieë en wonders Homself aan die mense bekend gemaak. Om nie sommer enige iets te glo nie, is daar drie eienskappe wat eie is aan die wyse waarop God hom aan die mense in die tyd van die Bybel bekendgemaak het. Eerstens maak dit deel uit van die geskiedenis en die inhoud daarvan word in die loop van die eeue vervul in die persoon van Jesus Christus. Tweedens gebruik God nie nét profesieë nie, maar ook verskynings en wonders. Die verskynings en wonders is nie net aanhangsels of bewysstukke om mense te oortuig nie, maar 'n belangrike deel van die manier waarop God homself bekendmaak. Derdens dra dit altyd 'n verlossende karakter en maak God sy redding bekend. Die doel waarom God homself bekendmaak, is om God te verheerlik en die mens uit die mag van die sonde los te maak. Net soos alles in die Ou en Nuwe Testament op die voorbereiding en vervulling van die koms van Christus gedui het, word alles vandag nog van Hom afgelei. Ons eie ervaring en beleving van ons godsdiens word vandag deur die Woord van God bepaal en beheers. Die Bybel bevat alles wat ons nodig het om te glo en te lewe as kinders van die Here.

Sing: Psalm 48:1, 4

Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)